**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**
**NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 7 DESEMBER 2020 OM 15:00**
**TE PALINGSTRAAT 214, OESTERBAAI**

**TEENWOORDIG**
Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Fanie Groenewald
Martiens Kunneke
Joe Meyer
Otto Pepler
Hylien de Jonge

**1 OPENING & VERWELKOMING**
Walter open vergadering met gebed en heet almal welkom.

**2 VERSKONINGS**
Lana Pepler
Anita Swanepoel
Riekie Pienaar

**3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE**
Die notule van die vergadering, gehou op 15 November 2020, word aanvaar en goedgekeur. Fanie stel voor, Adriaan sekondeer.

**4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**4.1 Finansies**
Die betaling van ledegeld word bespreek. Martiens versoek 'n ledelys – Walter sal aanstuur. Die onderskeid tussen donasies en ledegeld word uitgeklaar.

Otto verneem na 'n begroting vir 2021. Joe onderneem om 'n begroting op te stel. Die begroting sal by die volgende vergadering bespreek word.

**AKSIE: MARTIENS EN JOE**

**4.2 Gemeenskapsaal**

Walter bevestig dat die brief aan die Munisipale Bestuurder oor die MOU vir die Saal versend is. Walter sal opvolg. Dit word weer bevestig dat die Munisipaliteit verantwoordelik is vir die instandhouding van die saal.
**AKSIE: WALTER**

**4.3 Afvalstortingsterrein**
Joe het saam met Nomvelo van Kouga Munisipaliteit besoek by die afvalsorteringsterrein afgelê. Hy is van mening dat hy tevrede is met die toestand daarvan. Adriaan dui aan dat dit kort tevore na ons geskrewe klagtes aan die Munisipale Bestuurder opgeruim is.

Die groot probleem is dat die Munisipale amptenare nie hulle verantwoordelikhede nakom nie en dat die verval ook grootliks 'n bestuursprobleem is.

Joe onderneem om met Christa Venter te vergader en 'n ooreenkoms te bereik oor die bestuur van die terrein.
**AKSIE: JOE**

**4.4 Kommunikasie**

**4.4.1 Advertensies**

Walter meld dat die kommunikasie oor advertensies op die WhatsApp groep nog nie gedoen is nie, omdat onsekerheid bestaan oor die OIV se verantwoordelikheid vir substandaard of dalk onwettige goed wat adverteer kan word. Op voorstel van Joe word besluit dat met die advertensies voortgegaan sal word teen betaling van R100 per advertensie en dat vermeld sal word dat die OIV geen verantwoordelikheid aanvaar vir dienste en goedere wat adverteer word nie.
**AKSIE: WALTER**

**4.4.2 Nuusbrief**

Martiens stel voor dat die behoeftebepalingsdokument wat Joe sal formuleer ook in die Oesterbaai Nuus publiseer moet word.

Fanie verneem of die Oesterbaai Nuus per e-pos uitgestuur moet word of wel gedruk moet word. Die vergadering besluit dat dit gedruk moet word. Na bespreking oor advertensies, onderneem Fanie om Elmarie te nader oor 'n advertensie van Oesterbaai Eiendomme.
**AKSIE: FANIE EN JOE**

**4.5 Omgewingsake**

Joe gee terugvoer oor die werk aan die duine. Die masjinerie word vir 'n verdere week deur die Munisipaliteit beskikbaar gestel.

Volgens Nomvelo is die plante vir die duine reeds bekom. Verdere goedkeuring sal bekom moet word vir die benatting van die aanplantings.

'n Professor van St. Francis wat betrokke is by die rehabilitasie van hul strand daar, het saam met Nomvelo besoek gebring. Hy is tevrede met die werk wat gedoen word.

Joe sal by die toiletgeriewe opruim.

Hylien verneem na die oopkap van die paadjie na die strand vanaf Kabeljoustraat. Joe sal dit met die Munisipaliteit opvolg.
**AKSIE: JOE**

Otto onderneem om voort te gaan met die moontlike daarstelling van 'n voëlkykroete, sodra omstandighede dit toelaat.
**AKSIE: OTTO**

**4.6 Watervoorsiening**

Otto gee terugvoer volgens die inligting wat hy van Willie Botha ontvang het. Die twee nuwe boorgate is toegerus en in werkende toestand. Die werking van die pompe word outomaties beheer volgens die watervlak in die reservoir. Beide fonteine loop goed. Die

klein boorgat by die opvangput is weer in werking, nadat dit met 'n kleiner pomp en 'n sonpaneel toegerus is. Die boorgat by Umzamowethu het toegeval en moet weer oopgeboor word. Die bedryfstruktuur werk goed in ooreenstemming met die voorstelle wat Otto oor jare gemaak het.

Otto onderneem om met die eienaar van die woonwapark te skakel oor die instandhouding van sy rioleringstelsel gedurende die vakansie.

Otto sal verder verseker dat die uitstaande items oor die watervoorsiening wel op die begroting van die Munisipaliteit sal wees. In die verband meld Walter die kragbystand in tye van kragonderbrekings.
**AKSIE: OTTO**

Fanie spreek sy waardering uit vir Walter se goeie terugvoer en inligting aan inwoners in tye van kragprobleme.

**4.7 Paaie**

Walter word bedank vir sy maande lange onderhandelings oor die toegangspad na Oesterbaai wat in 'n goeie toestand is. Walter meld dat die samewerking van Randall Moore van die Provinsiale Paaie Departement baie goed is.

Die kamera wat by die dorp se ingang aangebring is, behoort aan die Boerevereniging se sekuriteitsmaatskappy. Dit is op Rufus se grond aangebring. Otto stel voor dat die Boerevereniging bedank word, omdat dit ook tot voordeel van Oesterbaai is.
**AKSIE: WALTER**

**4.8 Umzamowethu.**

Adriaan deel die vergadering mee dat hy besluit het om nie langer by Umzamowethu betrokke sal wees nie. Hy sal wel sorg dat gesondheidsdienste en die dienste van Sassa sal voortgaan. Walter deel die vergadering mee dat die profiel van die inwoners van Umzamowethu baie verander het, met baie meer Xhosa sprekende inwoners, wat skakeling bemoeilik.

Joe spreek die mening uit dat dit 'n Christelike plig is om te help en dat alles nie net daargelaat kan word nie.

Waardering word uitgespreek teenoor die skool en kliniek wat goed funksioneer. Living Waters se betrokkenheid word ook waardeer.

Fanie is van mening dat nuwe intrekkers aangemoedig moet word om meer betrokke te raak.

**4.9 Brandweer**

Adriaan het met die Brandweer gereël dat die brandblussers nagegaan moet word en sal opvolg.
**AKSIE: ADRIAAN**

**4.10 BIBLIOTEEK**

Waardering word uitgespreek oor die goeie toestand en versorging van die biblioteek. Inwoners moet aangemoedig word om aan te sluit.

**AKSIE: ANITA EN HYLIEN**

**4.11 Diereprojek**

Die DBV het vroeër in die jaar sterilisasies kom doen. Die Staatsveearts staan in by die DBV. Hul het drie keer gedurende die jaar kom dip. Adriaan noem dat twee persone reeds elkeen 'n hond in Umzamowethu aangeneem het. Hul sorg dan vir 'n ordentlike hok en gereelde kos.

**4.12 Algemene Jaarvergadering**

Walter sal op WhatsApp more kennis van die vergadering gee en hoop dat 'n kworum teenwoordig sal wees.

**AKIE: WALTER**

**4.13 Wetstoepassing Desembermaand**

Adriaan gee terugvoer oor sy skakeling met 'n verteenwoordiger van die Verkeersdepartement.

Otto stel voor dat die Munisipaliteit weer versoek moet word om spoedwalle aan te bring.

**AKSIE: ADRIAAN**

**4.14 Lewensredders**

Fanie sal die skakeling met die NSRI doen oor die lewensredders.

**AKSIE: FANIE**

**4.15 Tydelike toilette**

Joe sal die nodige herstelwerk en opruiming doen. Martiens bied sy hulp aan hiermee.

**AKSIE: JOE**

**5. NUWE SAKE**

**5.1 Behoeftebepaling onder lede**

Joe onderneem om 'n dokument op te stel wat aan lede voorgelê sal word vir insette. Die dokument sal onderskei tussen die Munisipaliteit se verantwoordelikhede en wat deur die OIV gedoen moet word. Otto stel voor dat mense wat reageer/voorstelle maak hulle kontakbesonderhede moet verskaf, ten einde dit te kan bespreek. Prestasies van die OIV moet ook in die dokument vermeld word.

Walter spreek sy kommer uit oor of die dokument wel gelees gaan word. Daar so baie persone van Oesterbaai wat die voordele wat die OIV bied, geniet, maar nie ledegeld betaal nie. Hy van mening dat slegs opbetaalde lede insette moet kan lewer.

Die dokument sal ook in die Oesterbaai Nuus vervat word.

**AKSIE: FANIE EN JOE**

**7 VOLGENDE VERGADERING**

'n Datum sal kort na die AJV gereël word.

**8 AFSLUITING**

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.

| | |
|---|---|
| ............................................ | ............................................... |
| **GOEDGEKEUR** | **ONDER-VOORSITTER** |
| **VOORSITTER** | |

**DATUM:** 9-01-2021